Verwysing: 20210524-3224
Lêerno.: 12/2/8/17/1/2
Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut: 0004/2021

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en vaardigheidskole

Onderwerp: Verifikasie en bevestiging van leerders wat op SOBIS gelys is en van leerdervervoerskemaroetes gebruik maak

1. Die name en optelpunte van leerders in skole wat gematig is om van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)-befondsde leerdervervoerskema (LVS)-roetes gebruik te maak, word deurlopend op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê.

2. Wanneer leerders goedgekeur en gemagtig is om van leerdervervoer gebruik te maak, word hul name en optelpunte deur die verantwoordelike amptenare by Hoofkantoor op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê.

3. Die WKOD is tans besig met 'n proses om die korrektheid van leerderbesonderhede op die LVS-databasis op SOBIS, van gemagtigde leerders met hul optelpunte op 'n spesifieke LVS-roete by die skool, te verifieer en te bevestig.

4. Alle openbare skole met WKOD-befondsde leerdervervoer word hiermee versoek om die name van leerders wat tans van hierdie diens by die skool gebruik maak, te vergelyk met die name van leerders wat op die LVS-databasis op SOBIS vasgelê is.

5. Wanneer die leerderbesonderhede op SOBIS gekontroleer en geverifieer word, kan die volgende teenstrydighede voorkom:
   - Leerders wat tans van leerdervervoer gebruik maak, maar wie se name nie op die LVS-databasis op SOBIS aangetoon word nie.
   - Leerders wat nie meer van leerdervervoer gebruik maak nie, maar wie se name steeds op die LVS-databasis op SOBIS aangetoon word.

6. Om toegang tot die leerders se inligting vir elke roete op SOBIS te verkry en te kontroleer, moet die volgende prosedure gevolg word:
   - Verkry toegang tot SOBIS.
   - Op die kieslys, hou die wyser oor die "Administration" –opskrif. Die "Learner Transport"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
   - Beweeg die wyser oor die "Learner Transport"-opsie en die "Capture Screens"-opsie sal op die aftreklys verskyn.
   - Klik op "Capture Screens".
   - Op die volgende skerm, klik "Proceed" sonder om 'n graad te kies.
   - Op die volgende skerm, klik "Summary Screen" en kies dan die gepaste roetenommer.
   - 'n Lys sal nou vertoon wat die gemagtigde leerders op die gekose roete aandui.

   Indien u ondersteuning benodig om toegang tot SOBIS te verkry, kontak gerus mnr. Andre Lakey by 021 467 9244 of per e-pos by Andre.Lakey@westerncape.gov.za.

7. Voltooi asseblief Bylae A om te bevestig of die leerderbesonderhede op die LVS-databasis op SOBIS korrek is al dan nie.

8. Indien die besonderhede van leerders en hul optelpunte op SOBIS bygewerk moet word, voltooi ook Bylae B om die volgende aan te toon:
   - Die naam, van, graad, SOBIS-identifikasienommer en gemagtigde optelpunt van leerders wat tans van die LVS gebruik maak, maar waarvan die name nog nie in die LVS-databasis op SOBIS verskyn nie.
   - Die naam, van, graad, SOBIS-identifikasienommer, en gemagtigde optelpunt van leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie.

9. U word versoek om die tersaaklike en volledig ingevulde dokumente te skandeer en dit teen **18 Junie 2021** in te dien by WCEDLTS@westerncape.gov.za vir die aandag van mnr. Andre Lakey.

10. Na ontvangs van die bogenoemde dokumente, sal die besonderhede van die leerders wat nie meer van die LVS gebruik maak nie, uit die LVS-databasis op SOBIS verwyder word en die besonderhede van kwalifiserende leerders kan dan op SOBIS bygewerk word.

11. U ondersteuning in hierdie saak word waardeer.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2021-06-02